

27 Maart

Openbaring 3:7-10 (HK 7)

Wie is die verlostes?

Die Bybel leer ons baie duidelik dat *alle* mense in Adam verdoem is tot die ewige dood omdat ons elke dag teen God sondig en ongehoorsaam is. Ook dat God sy Seun na die wêreld gestuur het om sondaarmense te verlos van hierdie ewige dood en aan hulle die ewige lewe te gee. Al is Jesus se verlossingsdaad aan die kruis oorvloedig om alle mense se sondes te betaal, *word alle mense nie verlos nie!* Wie dan wel? Drie verbandhoudende sake moet hier aandag kry:

Eerstens: Verlostes moet deur die geloof in Christus *ingelyf wees*. Hier is God aktief besig en die mens passief. Die uitdrukking in Op 3:7 "die sleutel van Dawid" wat oop- en toesluit dui die volle beskikkings- en vrye verkiesingsmag van God aan. In God se regverdigheid en barmhartigheid maak God skeiding tussen mense. Deur God se genade het Hy beskik dat mense in Christus ingelyf is; dat hulle die verlossing uit hulle sondenood verkry het; dat hulle deur God geroep is om sy kinders te mag wees.

Tweedens: Verlostes moet deur die geloof God se *weldade* aanneem. Hier antwoord die mens deur aktief die verlossingsdade op jouself van toepassing te maak. Openbaring 3:10 beveel dat ons moet "bewaar".

Derdens: Hoe word ek ingelyf en kan ek die weldade aanneem? Deur waarlik te glo. Dit is om God se beloftes te ken én daarop te vertrou. Deur God se Gees word ek in staat gestel om te ken en te vertrou. Hy breek met sy sleutelmag alle weerstand af (Op 3:7, 8). Daar vind 'n kettingreaksie plaas: God het my eerste lief (inlywing), daarom het ek Hom lief. Loof die Here!

Sing: Psalm 119:48

Ds. A.H. Stavast (Mosselbaai)